

26 Oktober

Skrifgedeelte: Hebreërs 1:1-2:4
Fokusgedeelte: NGB, Art 26

Die verhewenheid van ons Middelaar

Networking, kontakte opbou, is vandag mode. Dit gaan nie oor wat jy weet of kan doen nie, maar oor WIE jy ken. So het die buurkinders mos maklik werk gekry, want hulle oom werk in 'n personeelkantoor. Vriend Kosie kry Woensdae op die gholfbaan meer sake gedoen as wat jy die hele week op kantoor gedoen kry. Jou tender word van die hand gewys omdat jy nie die regte bemagtigingssvennoot het nie.

Hardwerkende mense kan regtig partykeer 'n bietjie groen word as dinge so gaan. Dit is egter onnodig, want jy het self 'n ongelooflike skakelpersoon wat alle goeie dinge vir jou sal bewerk. Jy het 'n skakelpersoon by God! Sodanige "skakelpersone" was deur die eeue baie gesog. In die Rooms-Katolieke tradisie word die heiliges en Maria aangeroop om by God in te tree. In die tyd van ons Skrifgedeelte was dit engele. Vandag, in 'n Afrika-konteks, is dit die voorvadergeeste.

"Wie sal eerder gehoor word as die eie geliefde Seun van God?" Met hierdie vraag trek Guido de Bres 'n streep deur alle ander middelaars wat mense tussen hulle en God wil aanstel. Kyk na die verhewenheid van JOU MIDDELAAR, Jesus Christus:

God self noem Hom "Seun" (vers 5).

God self noem Hom as Koning wat alles regeer (vers 9).

Hy bly ewig dieselfde (vers 12).

Hy sit langs God (vers 13).

Sal jy ooit 'n beter toegang tot God kry as deur Jesus Christus? Kyk, miskien is dit tog belangrik dat jy vandag weer 'n slag met Hom as jou skakelpersoon in aanraking kom.

DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)